CITY OF TSHWANE
IGNITING EXCELLENCE

Utility Services Department
Energy and Electricity Division

Room 608 | 6th Floor | Bothongo Plaza East| 285 Francis Baard Street | Pretoria | 0002
PO Box 440 | Pretoria | 0001
Tel: 012 358 4245/012 358 1217 | Fax: 086 569 1539
Email: NdwamatoM@tshwane.gov.za | www.tshwane.gov.za | www.facebook.com/CityOf Tshwane

# FORM A60 - INFORMATION ON ELECTRICITY NETWORK
# VORM A60 - INLIGTING OOR ELEKTRISITEITSNETWERK

## DAMAGED SERVICES AND SITE MEETINGS / BESKADIGDE DIENSTE EN TERREIN VERGADERINGS

The following process must be followed when electrical services are damaged:
Die volgende proses moet gevolg word wanneer elektriese dienste beskadig word:

1. Get a reference number by calling 012 358 9999 or use the SMS service by SMS-ing:
   Bekom 'n verwysingsnommer deur 012 358 9999 te skakel, of gebruik die SMS diens deur die volgende te SMS:

   Power out to 082 612 0333 or 082 612 4476 ( in the message state the wayleave number and the address where the cable was damaged.)
   (Meld die verlofregisternommer en die adres waar die kabel beskadig is.)

2. After you have a reference number call the Works Inspector/ Electrical Official in the relevant region.
   Nadat die verwysingsnommer bekom is, skakel die Werkeinspekteur / Elektriese beampte in die toepaslike streek.

Region / Streek 1: Rosslyn Depot
Mary Chikolo
Cell nr: 078 720 7702
E-mail: maryc@tshwane.gov.za

Region / Streek 1: Soshanguve Depot
Mandla Maseko
Cell nr: 082 551 0537
E-mail: mandlaM2@tshwane.gov.za

Region / Streek 2:
Kayfas Khoza
Cell nr: 073 057 6703
E-mail: KayfasK@tshwane.gov.za

Region / Streek 2:
Andrew Henning
Cell nr: 083 239 2862
E-mail: AndrewH@tshwane.gov.za

Region / Streek 3: Princess Park
Tshipo Mashigo
Cell nr: 084 505 5022
E-mail: TshipoM@tshwane.gov.za

Region / Streek 3: Fortsig
Tinus Rudolph
Cell nr: 0824187488
E-mail: TinusR@tshwane.gov.za

Region / Streek 3: Atteridgeville
Rofhiwa Ndwamato
Cell nr: 083 464 5361
E-mail: RofhiwaN@tshwane.gov.za

Region / Streek 4:
Lerato Mbatha
Cell nr: 081 748 5707
E-mail: LeratoMb@tshwane.gov.za

Region / Streek 5:
Polelo Mphahlele
Cell nr: 072 275 2203
E-mail: PoleloMp@tshwwane.gov.za

Region / Streek 6:
Jan Vermaak
Cell nr: 083 476 9004
E-mail: JanVe2@tshwane.gov.za

Region / Streek 6:
Segole Matji
Cell nr: 076 313 1258
E-mail: SegoleM@tshwane.gov.za

Region / Streek 7:
Solly Nukeri
Cell nr: 071 539 6310
E-mail: SollyN2@tshwane.gov.za

Ingevolge klousule 6(1) van die Tshwane Dorpsbeplanningskema 1974, afgekondig kragtens Administrateurskennisgewing 2027, van 20 November 1974, moet die persoon wat die uitgrawingswerk gaan doen skriftelike toestemming by die COT kry voordat daar met enige uitgrawingswerk op enige grond, soos omskryf in klousule 5 van die voormelde skema, begin mag word. In alle gevalle waar elektrisiteitsdienste en -toerusting betrokke is, moet die aansoek aan bogenoemde adres gestuur word.

In terms of Clause 6(1) of the Tshwane Town Planning Scheme, 1974, published under Administrator's Notice 2027 of 20 November 1974, the person who is going to carry out the excavation work must obtain the COTI's written consent before any excavation work on any land, as defined in clause 5 of the aforementioned Scheme, may be commenced with. In all cases where electricity services and electrical equipment are involved, the application must be forwarded to the above address.

Verder/…

The/…

Verder moet die kontrakteur wat sodanige uitgrawings gaan uitvoer 'n bevoegde persoon ingevolge Regulasie 11 van die Algemene Veiligheidsregulasies, aanstel om toesig oor die uitgrawingswerk te hou van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 1993 (Wet 85 van 1993). 'n Afskrif van die brief waarin die kontrakteur die Bevoegde Persoon aanstel moet Dienslewering (Elektrisiteit) bereik voordat met die uitgrawings of konstruksiewerk begin word.

Die volgende inligting moet saam met die brief verstrek word:

1. Naam en adres van die kontrakteur, instansie, firma of regspersoon wat die werk gaan uitvoer.

2. Volle naam en adres van die Bevoegde Persoon.

Indien die werk in die hierna vermelde afstande vanaf enige ondergrondse elektriese kabels of bogrondse elektriese transmissielyne of ander elektriese toerusting sal geskied, moet die Bevoegde Persoon ook ingevolge Regulasie 2 van die Algemene Masjienregulasies van bogemelde Wet 'n Bevoegde Persoon wees.

Inligting oor die ligging van bestaande en/of beplande elektrisiteitsdienste in die gebied waarvoor aansoek gedoen is, word op die aangehegte tekening(e) aangedui.

**NOTA:** U moet asseblief seker maak dat die tekening(e) van die hele gebied ten opsigte waarvan inligting verlang word dek.

Geliewe daarop te let dat slegs die ligging van die ondergrondse kabels op die planne getoon word. Bogrondse dienste word normaalweg nie op die planne aangedui nie aangesien hulle posisies op terrein vasgestel kan word. Elektriese kabels kan op enige diepte onder die grond voorkom.

Dienslwering (Elektrisiteit) waarborg nie dat die inligting wat verstrek is in alle opsigte volledig en korrek is nie en die feit dat inligting ingewin is, skeld geen persoon van aanspreeklikheid kwyt, indien skade aan die COT se elektrisiteitsnetwerk aangerig word nie.

Die persoon of instansie wat tydens enige uitgrawingswerk of konstruksiewerk skade aan kabels of ander elektriese toerusting aanrig sal verantwoordelik gehou word vir die herstelkoste daarvan en daarom is dit <u>noodsaaklik dat die inligting aan die persone wat die fisiese werk verrig oorhandig word</u>.

Alle uitgrawings- en konstruksiewerk in die nabyheid van die elektrisiteitsnetwerk, binne die COT se elektrisiteits-voorsieningsgebied is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit. Die volgende vereistes dien as algemene riglyn vir die werk maar moet nie as afdoende beskou word nie.

Planne waarop die bestaande dienste aangetoon word moet deurentyd op terrein gehou word.

A. LIGGING VAN ONDERGRONDSE ELEKTRISITEITSDIENSTE

Die aangehegte planne is nie topografiese tekeninge nie maar slegs diagrammatiese voorstellings van die posisies van ondergrondse kabels, ten tye van installasie daarvan relatief tot grens of ander verwysingspunte op daardie stadium, soos in die plan gesien. Waar afmetings (in syfers uitgedruk) nie aangegee word nie, of waar die presiese werklike posisie of diepte of grootte van enige ondergrondse elektrisiteitsdienste (byvoorbeeld lasputte, olievoerputte, alarmputte ensovoorts) verlang word, moet verdere reëlings met Dienslewering (Elektrisiteit) se Toetsseksie getref word om die ligging van sulke dienste op terrein te bepaal. Die koste verbonde aan hierdie werk is vir die rekening van die aanvraer en is vooruitbetaalbaar.

B. LIGGING/…

The contractor who is going to carry out such excavations msut furthermore appoint a Responsible Person who must be a qualified person in terms of the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993). A copy of the letter in which the contractor appoints the Responsible Person must reach Service Delivery (Electricity) before the excavations or construction work is commenced with.

The following information must be furnished with the letter:

1. Name and address of the contractor, body, firm or jurustic person that is going to carry out the work.

2. Full name and address of the Qualified Responsible Person.

Should the work take place within the distances mentioned below from any underground electric cables or overhead electric transmission lines or other electrical equipment the Responsible Person must also in terms of Regulation C.1 of the abovementioned Act be a Qualified Person.

Information on the location of existing and/or planned electricity services in the area applied for is furnished on the attached drawing(s).

**NOTE:** Please make sure that the drawing(s) indi-cated cover the whole area in respect of which information is required.

Kindly note that only the location of the underground cables is shown on the plans. Overhead services are normally not indicated on the plans since their positions can be determined on site. Electrical cables can be at any depth under the ground.

Service Delivery (Electricity) does not guarantee that the information is complete and correct in all respects and the fact that information has been obtained does not acquit any person of liability should damage be caused to the electricity network of the COT.

The person or body that causes damage to cables or other electrical equipment during any excavation work or construction work will be held liable for the cost of repair thereof and it is therefore <u>essential that the information be made available to the persons carrying out the physical work</u>.

All excavation and construction work in the vicinity of the electricity network, within the electricity supply area of the COT is subject to the approval of the Executive Director: Tshwane Electricity. The following requirements serve as a general guideline for the work, but should not be regarded as adequate.

Plans showing the existing services must be kept on site continually.

A. LOCATION OF UNDERGROUND ELECTRICITY SERVICES

The attached plans are not topographical sections but merely diagrammatic representations of the positions of underground cables, at the time of installation thereof, relative to boundaries or other points of reference at that stage, as seen in the plan. Where measurements (expressed in figures) are not given, or where the exact actual position or depth or size of any underground electricity services (for example jointing chamber, oil-feed chambers, alram chambers etc.) is required, further arrangements must be made with the Test Section of Service Delivery (Electricity) in order to determine the location of such services on site. The costs involved in this work are for the applicant's account and are payable in advance.

B. LOCATION/…

B. LIGGING VAN BOGRONDSE ELEKTRIESE DIENSTE

Bogrondse dienste word nie normaalweg op planne aangetoon nie. Voordat met die werk begin word moet die terrein besoek word en die presiese posisies van alle bogrondse elektriese toerusting op werksplanne aangebring word.

C. ALGEMENE VOORSKRIFTE

1. Voordat daar fisies met die beplande uitgrawings- of konstruksiewerk begin word moet die persoon of instansie wat die werk gaan verrig seker maak dat daar nie enige veranderings aan die bestaande elektriese dienste aangebring is of nuwe dienste geïnstalleer is sedert die inligting oor elektriese dienste bekom is nie.

2. Alle werk binne die hierna genoemde afstande vanaf enige elektriese toerusting is onderhewig aan die Wet op Beroeps-gesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

3. Indien die verskuiwing of beveiliging van elektriese toerusting verlang word vir die uitvoering van enige konstruksie- of uitgrawingswerk, moet die aanvraer betyds 'n skriftelike versoek daartoe aan Dienslewering (Elektrisiteit) rig met die volgende minimum kennisgewingperiodes:

a) Verskuiwing of veranderings aan 132kV-toerusting 24 mnde
b) Verskuiwing of veranderings aan 33kV-toerusting 24 mnde
c) Verskuiwing of veranderings aan 11kV-toerusting 24 mnde
d) Beveiliging van bestaande elektrisiteitsnetwerk sonder enige veranderings 5 weke

Die aanvraer moet ook duidelike tekeninge en volledige inligting soos deur Dienslewering (Elektrisiteit) benodig, verskaf wat aantoon watter dienste verander, verskuif of beveilig moet word. Ingeval van veranderings of verskuiwings moet volle besonderhede oor voorgestelde nuwe posisies, verlangde hoogtes of dieptes van alle dienste op die tekeninge getoon word en moet die aanvraer 'n program met datums verskaf vir die verlangde verskuiwings of veranderings. Aangesien die aanvraer verantwoordelik is vir alle koste verbonde aan die verskuiwing, veranderings of beveiliging van die bestaande elektriese toerusting, sal Dienslewering (Elektrisiteit) niks doen voordat 'n bedrag gelykstaande aan die beraamde koste van die werk aan die COT betaal is nie.

4. Enige oorskryding op kraglynreserwes en -serwitute is onderhewig aan die vry-ruimtevereistes soos neergelê in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) asook die skrif-telike goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit.

5. Die volgende vryruimtes moet ten alle tye tussen bogrondse elektriese geleiers en ander drade van kraglyne en tussen mense, masjinerie, toerusting, strukture en materiaal van watter aard ook al gehandhaaf word:

| SPANNING OP ELEKTRIESE GELEIERS<br>VOLTAGE ON ELECTRIC CONDUCTORS | VEILIGHEIDSAFSTAND WAT GEHAND-HAAF MOET WORD<br>SAFETY DISTANCE TO BE MAINTAINED |
|---|---|
| Tot/Up to - 650V | 3,0m |
| Tot/Up to - 11 000V | 3,5m |
| Tot/Up to - 33 000V | 4,0m |
| Tot/Up to - 132 000V | 5,0m |

6. Indien die bostaande vryruimtes nie tussen enige struktuur of diens wat geïnstalleer gaan word, gehandhaaf kan word nie moet skriftelike toestemming by die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit verkry word om in die nabyheid van die elektriese toerusting te werk. Die voorwaardes en voorsorgmaatreëls wat getref moet word tydens sulke konstruksiewerk sal saam met die toestemming verskaf word.

7. Geen/…

B. LOCATION OF OVERHEAD ELECTRICAL SERVICES

Overhead services are not normally shown on plans. Before the work is commenced with, the site must be visited and the exact positions of all overhead electrical equipment be indicated on working drawing.

C. GENERAL DIRECTIVES

1. Before the planned excavation or construction work is commenced with physically, the person or body that is going to carry out the work must make sure that no alterations have been effected to the existing electricity services or new services have been installed since the information on electricity services was obtained.

2. All work within the distances set out below from any electrical equipment is subject to the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993).

3. Should the removal or safeguarding of electrical equipment be required for the excavation of any construction or excavations work, the applicant must address written application therfor to Service Delivery (Electricity), with the following minimum periods of notice:

a) Removal of or alterations to 132kV equipment 24 months
b) Removal of or alterations to 33kV equipment 24 months
c) Removal of or alterations to 11kV equipment 24 months
d) Safeguarding of existing electricity network without any alterations 5 weeks

The applicant must also provide clear drawings and full information as required by Service Delivery (Electricity), showing which services must be altered, moved or safeguarded. In the case of alterations or removals full particulars on proposed new positions, required heights or depths of all services must be indicated on the drawings and the applicant must provide a program with dates for the required removals or alterations. Since the applicant is liable for all costs involved in the moving or protection of or alterations to the existing electrical equipment, Service Delivery (Electricity) will not do anything before an amount equivalent to the estimated cost of the work has been paid to the COT.

4. Any encroachment on power line reserves and servitudes is subject to the free-space requirements as laid down in the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993) as well as to the written approval of the Executive Director: Tshwane Electricity.

5. The following free-spaces must at all times be maintained between overhead electric conductors and other wires of power lines and between people, machinery, equipment, structures and material of whatever nature:

6. Should it not be possible to maintain the free-spaces above between any structure or service to be installed, the written consent of the Executive Director: Tshwane Electricity must be obtained in order to work in the vicinity of the electrical equipment. The conditions to be imposed and the precau-tions to be taken during such construction work will be provided together with the consent.

7. No/…

7. Geen permanente storting of opvulling sal op die kraglynserwituut toegelaat word nie. Geen oorskietgrond hoër as 2 (twee) m of nader as 5 (vyf) m aan 'n kraglyntoring mag tydelik tydens uitgrawings geplaas word nie.

8. Waar paaie onderdeur kraglyne gehou word mag die padvlak nie hoër as die oorspronklike natuurlike grondvlak gelig word nie tensy skriftelike goedkeuring vooraf van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit.

9. Voorstelle vir oppervlaktebedekking of opvulling bokant, of die plasing van dienste binne vyfhonderd (500) mm vanaf enige 11kV/132kV- of 33kV-kabels of die versteuring van die algemene grondhoogte bokant hierdie kabels is onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit en volledige besonderhede van elke sodanige voorstel moet spesifiek eers aan die:
Besturende Ingenieur: Subtransmissiestelsels vir goedkeuring voorgelê word.

10. Geen skietwerk met plofstowwe sal binne die volgende afstande van die onderge noemde elektriese toerusting toegelaat word sonder die skriftelike toestemming van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit en dan alleen onder sodanige spesifieke voorwaardes as wat hy mag bepaal:

7. No permanent dumping or filling in will be allowed on the power line servitude, nor may surplus soil the height of which exceeds two (2) m or which is nearer than five (5) m from a power line tower be temporarily placed there during excavations.

8. Where roads are constructed underneath power lines the road surface may not be raised above the original natural ground level unless written approval is obtained in advance from the Executive Director: Tshwane Electricity.

9. Proposals for surfacing or filling in at the top, above, or the siting of services within five hundred (500) mm from any 132 kV or 11kV/33 kV cables or the distur-bance of the general ground level above these cables are subject to the written approval of the Executive Director: Tshwane Electricity and full particulars of each such proposal must specifically first be submitted to the:
Managing Engineer: Subtransmission Systems for approval.

10. No blasting with explosives will be allowed within the following distances from the electrical equipment mentioned below without the written consent of the Executive Director: Tshwane Electricity and then only on the specific conditions he may impose:

| | | |
|---|---|---|
| Vanaf 132kV-kraglyntoring of struktuur<br>From 132kV power line tower or structure | -<br>- | Vyftien meter<br>Fifteen metre |
| Vanaf 11kV-kraglynpaal of anker<br>From 11kV power line pole or anchor | -<br>- | Vyf meter<br>Five metre |
| Vanaf 415kV-kraglynpaal of anker<br>From 415 kV power line or anchor | -<br>- | Vyf meter<br>Five metre |
| Vanaf enige ondergrondse elektriese toerusting<br>From any underground electrical equipment | -<br>- | Vyf meter<br>Five metre |
| Vanaf enige substasie<br>From any substation | -<br>- | Vyftig meter<br>Fifty metre |

11. Uitgrawingswerk nader as die volgende afstande vanaf die ondergenoemde ondergrondse elektriese toerusting is onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit:

11. Excavation work closer than the following distances from the underground electrical equipment mentioned below is subject to the written approval of the Executive Director: Tshwane Electricity:

| | | |
|---|---|---|
| Verkeersligkabels<br>Traffic light cables | -<br>- | 0,5 meter<br>0,5 metre |
| 415V-kabels<br>415 V cables | -<br>- | 0,5 meter<br>0,5 metre |
| Loodskabels<br>Pilot cables | -<br>- | Een meter<br>One metre |
| Aardgeleier vir 132kV-kraglyne<br>Earth conductor for 132 kV power lines | -<br>- | Een meter<br>One metre |
| Lasputte, olievoerputte, gasvoerputte, alarmputte, ondergrondse lemkaste. | - | Twee meter |
| Jointing chambers, oil feed chambers, gas feed chambers, alarm chambers, under-ground blade boxes | - | Two metre |
| 33kV-kabels<br>33kV cables | -<br>- | Twee meter<br>Two metre |
| 132kV-kabels<br>132kV cables | -<br>- | Twee meter<br>Two metre |

12. Indien uitgrawingswerk nader as die bogenoemde afstande vanaf ondergrondse elektriese toerusting gedoen moet word, moet dit geskied onder die direkte toesig van 'n bevoegde amptenaar van die COT se Dienslewering (Elektrisiteit). Uitgrawingswerk nader as een meter vanaf 132kV- en 33kV-kabels en aanverwante toerusting sal deur Dienslewering (Elektrisiteit) self op die aanvraer se onkoste verrig word. Reëlings vir toesig of uitgrawingswerk deur Dienslewering (Elektrisiteit) moet skriftelik met die COT se Besturende Ingenieur (Werke) getref word ten minste twee (2) weke voordat terreinwerk 'n aanvang neem.

12. Should excavation work have to be carried out closer than the abovementioned distances from underground electrical equipment, it must take place under the direct supervision of a qualified officicial of the COT. Excavation work nearer than one metre from 132kV and 33kV cables and related equipment will be done by Service Delivery (Electricity) itself at the applicant's cost. Arrangements for supervision or excavation work by Service Delivery (Electricity) must be made in writing to the Managing Engineer (Works) of the COT at least two (2) weeks prior to the commencement of site work.

13. Wanneer beskermende betonblokke teëgekom word moet uitgrawings onmiddellik gestaak word en Dienslewering (Elektrisiteit) se Werkeseksie onverwyld daarvan in kennis gestel word.

13. When protective concrete blocks are encountered, excavations must be suspended immediately and the Works Section of Service Delivery (Electricity) notified thereof without delay.

14. Uitgrawingswerk nader as die volgende afstande vanaf die ondergenoemde bogrondse elektriese toerusting is onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit:

14. Excavation work closer than the following distances from the overhead electrical equipment mentioned below is subject to the written approval of the Executive Director: Tshwane Electricity:

| | | |
|---|---|---|
| 415V-kraglynpale<br>415 V power line poles | - | 1,0m |
| 11kV-kraglynpale<br>11 kV power line poles | - | 1,5m |
| Kraglynpenankers<br>Power line peg stays | - | 2,0m |
| Kraglyngrondankers<br>Power line stays | - | 2,0m |
| Minisubstasies en ander 11kV-kaste<br>Mini substations and other 11kV boxes | - | 2,0m |
| Verdeelkaste en ander Ls-kaste<br>Distribution boxes and other Lt boxes | - | 1,0m |
| 132kV-kraglynstruktuur<br>132kV power line structure | - | 15,0m |
| Substasie-omheinings<br>Substation fences | - | 1,0m |

15. Behoudens die voorafgaande bepalings is alle uitgrawingswerk waar die verhouding "diepte van uitgrawing" tot "afstand van uitgrawing" die syfer 0,6 oorskry, onderhewig aan spesifieke voorwaardes en die skriftelike goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur: Tshwane Elektrisiteit. In hierdie verband beteken "diepte van uitgrawing" die vertikale afstand gemeet tussen die grondvlak by die elektriese struktuur en die diepste punt op die bodem van die uitgrawing naaste aan die elektriese struktuur.

"Afstand van uitgrawing" beteken die kortste horisontale afstand tussen die naaste wand van die uitgrawing en enige punt op die elektriese toerusting of struktuur naaste aan die uitgrawing. "Elektriese struktuur" beteken enige kraglyntoring, elektriese paal, skakelkas, minisubstasie, substasie-omheining of -gebou of enige ander struktuur wat gebruik word in die verspreiding van elektrisiteit.

Die Dienslewering (Elektrisiteit) het waardevolle inligting in die Munitoria brand van Maart 1997 verloor en die herwinningsproses is pynlik stadig, dog noukeurig.

Daar moet dus met uiterse versigtigheid en behoorlike toesig met u projekte voortgegaan word.

U samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel.

**NB:** Hierdie vorm verleen nie toestemming om binne die voormelde afstande vanaf enige elektriese toerusting te werk nie.

OPMERKINGS/...

15. Subject to the foregoing provisions all excavation work, where the ratio of "depth of excavation" to "distance of excavation" exceeds the figure of 0,6, is subject to specific conditions and the written approval of the Executive Director: Tshwane Electricity. In this context "depth of excavation" means the vertical distance measured between the ground level at the electric structure and the deepest point at the bottom of the excavation nearest to the electric structure.

"Distance of excavation" means the shortest horizontal distance between the electrical equipment or electric structure nearest to the excavation. "Electric structure" means any power line tower, electric pole, switch box, miniature substation fence or building or any other structure used in the distribution of electricity.

The Service Delivery (Electricity) suffered a loss of valuable information due to the Munitoria fire of March 1997. The retrieval process of lost information is very slow.

Therefore the utmost caution must always be exercised and thorough supervision of your project must be maintained at all times.

Your co-operation in this respect will be highly appreciated.

**NB:** This form does not grant consent for work to be performed within the aforementioned distances from any electrical equipment.

REMARKS/...

## REMARKS/OPMERKINGS

**TAKE NOTE: THE DOCUMENT THAT YOU HAVE DOES NOT GRANT YOU PERMISSION TO DIG IN THE ROAD RESERVE. YOU NEED TO OBTAIN A WAYLEAVE FROM THE ROAD RESERVE CUSTODION.**
**PLEASE CONTACT MR. DEON VILJOEN AT 012 358 7740, E-MAIL: deonvi@tshwane.gov.za, OFFICE: NOORDVAAL BUILDING, ROOM B421, PRETORIA CENTRAL**

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS: HIERDIE DOKUMENT NIE DIE HOUER DAARVAN TOESTEMMING VERLEEN OM IN DIE PADRESERVE ENIGE KONSTRUKSIE OF UITGRAWINGS TE DOEN NIE. OM DIE VERLOFREG TE BEKOM MOET U MET MNR. DEON VILJOEN IN AANRAKING KOM. HY IS DIE OPSIGTER VAN DIE PADRESERWE. SY KONTAKBESONDERHEDE IS:**
**Tel: 012 358 7740, E-POS: deonvi@tshwane.gov.za, KANTOOR: KAMER B421, NOORDVAAL GEBOU, PRETORIA SENTRAAL**

Mr Nndwamato T. Mutshidza
EXECUTIVE DIRECTOR: ENERGY AND ELECTRICITY DIVISION

IT'S MY RESPONSIBILITY TO PAY MY MUNICIPAL ACCOUNT IN FULL. ON TIME.